

Die Paarl is naas Kaapstad en Stellenbosch een van die drie oudste Europese nedersettings in Suid-Afrika. Die dorp het 112 000 inwoners in 2011 gehad en lê in die provinsie Wes-Kaap, sowat 60 kilometer noordoos van Kaapstad, aan die oewers van die Bergrivier en 132 meter bo seevlak. Paarl is die grootste dorp in die Kaapse Wynlande-distriksmunisipaliteit en is bekend vir sy roemryke geskiedenis en pragtige natuurskoon.

Die Paarl lê in die Kaapse winterreënstreek en sowat 80% van die jaarlikse reënval (700 millimeter) word gedurende die wintermaande aangeteken. Die Paarlberg beskik oor 'n geologiese besonderheid. Die reusagtige granietrots word deur drie geronde dagsome gevorm – dit is die grootste granietdagsoom ter wêreld en een van die min berge in Suid-Afrika wat tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Dit is ook die tweede grootste dagsoom naas die sedimentêre Uluru, voorheen bekend as Ayers Rock, in Australië.

Gedurende 1657 was die fiskaal Abraham Gabbema op soek na nuwe vleisbronne vir die nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop, toe hy 'n reusagtige granietrots ontdek het, wat ná 'n reënstorm in die sonskyn geblink het. Hy het dit Diamandt ende Peerlebergh genoem.

In 1687, net 35 jaar nadat Jan van Riebeeck in Tafelbaai voet aan wal gesit het, het die destydse Kaapse goewerneur Simon van der Stel die eerste 23 plase aan die oewer van die nabygeleë Bergrivier aan vryburgers toegeken. 'n Jaar later, in 1688, het ook Franse Hugenote-vlugtelinge plase in die gebied ontvang. Vyf Franse gesinne is landgoedere teen die hang van die Paarlberg toegeken: Jean Clouden op De Hoop, Gabriel le Roux op La Concorde, Isaac Taillefer op Picardie, Jean Taillefer op Laborie, en Pierre Viviers op Nantes. Die vrugbare bodem en die Mediterreense-tipe klimaat van die gebied het geblyk om uiters geskik vir landbou te wees. Die setlaars het boorde, groentetuine en veral wingerde aangeplant. Die granietgrond van die omgewing was veral 'n seën vir die wynbou aangesien wingerde hier baie goed geaard het.

Die eerste nuus oor die Kaapse wyne, wat ook oorsee vinnig gewild geraak het, het reeds in die jaar 1711 versprei. Ingevolge Napoléon Bonaparte se seeblokkade in die begin van die 19de eeu was Franse wyne onverkrygbaar in Engeland, en die Kaapse wynbedryf het 'n ongekende uitbreiding beleef om in die Engelse mark se behoeftes te voorsien.

Die Paarl was die eerste dorp in Suid-Afrika waar 'n Afrikaanse koerant verskyn het. Di Patriot, wat aanvanklik hoofsaaklik oor kulturele sake verslag gedoen het en tegelykertyd 'n poging aangewend het om die Afrikaanse taal met sy eie fonetiese spelling te bevorder, is die eerste keer op 15 Januarie 1876 uitgegee.

Bron: Wikipedia